

## Ons standpunt oor:

## Kriteria vir toetrede tot geestelike leier (Leraar) in Ruimsig Gemeente

Tel: (011) 764-1699 / 082 889 9730 Faks: 086 552 0727 e-pos: [info@ruimsig.com](mailto:info@ruimsig.com) Webruimte: [www.ruimsig.com](http://www.ruimsig.com)

### Inleiding: Ons standpunt oor die Bybel

Ons grondwaarde oor die Bybel lui soos volg: “Ons glo dat die Bybel God se Woord is, DAAROM word alles in die gemeente gedryf vanuit die Bybel en God se doel vir die gemeente.” Verder sê ons geloofsbelydenis “Die Bybel is die Woord van God en is kragtig, onfeilbaar in sy boodskap en genoegsaam vir enige persoon se geestelike lewe.” Ons bly dus in nederigheid poog om al ons standpunte te grond en te baseer op die Bybel in die konteks waarin dit geskryf is. Ons glo die Bybel is net so relevant vir vandag soos vir die eerste gehoor waarvoor dit geskryf is. Ons glo dus nie dat die Bybel bloot ’n primitiewe boek is wat ontstaan het vir ’n primitiewe gehoor in die verlede nie. Die Bybel se gesag geld vandag en die boodskap is ewig.

Ons verstaan en erken dat daar sekere temas is wat moeilik is om te interpreteer in die lig van die Skrif omdat die Bybel dit nie direk aanspreek nie. Ons probeer egter met ons eie beperkte kennis en insig steeds die riglyne te volg wat die Bybel uitstip. ’n Standpunt oor ’n saak is egter ook iets wat ontwikkel soos wat ’n mens (of gemeente) se verstaan van die Skrif en sy agtergrond ontwikkel, dus is geen standpunt tot in sy fynste detail “in sement” gegiet nie, maar onderhewig aan verandering, soos wat ons ook die Bybel beter leer verstaan in sy konteks.

### Kriteria vir toetrede tot geestelike leier (Leraar) in Ruimsig Gemeente:

By “geestelike leier”, bedoel ons enige persoon wat amptelik deur die gemeente in diens geneem word om die gemeente te lei in die een of ander geestelike area. Hierdie posisie moenie verwar word met ander lidmate wat oor die gawes van leierskap of lering beskik nie. Dit staan hierdie lidmate vry om enige tyd hulle gawes te gebruik in die gemeente solank dit in ooreenstemming met die visie en grondwaardes van die gemeente geskied.

Aangesien Ruimsig Gemeente dus nie deel vorm van enige kerklike denominasie nie en daar sodoende geen vooraf opgestelde kriteria bestaan waaraan ’n persoon moet voldoen om toegelaat te word as geestelike leier (Leraar) nie, lê die besluit geheel en al by die Ouderlinge en die Direksie van die gemeente.

In die meeste gevestigde kerke of denominasies is formele teologiese opleiding en legitimasie deur die bepaalde denominasie se kweekskool byna die enigste toelatingsvereistes waaraan ’n persoon moet voldoen om toe te tree tot amptelike geestelike dienswerk. Ervaring het egter al geleer dat mense met sodanige kwalifikasies nie noodwendig altyd die beste geestelike leiers vir ’n gemeente uitmaak nie. Baie keer mag ’n kandidaat oor die regte opleiding beskik, maar nie oor die regte passie of gawes nie. Ander kere weer sal die regte gawes daar wees, maar geestelike volwassenheid ontbreek. Dus is formele teologiese opleiding nie ’n noodwendige vereiste

(alhoewel voordelig) vir geestelike leierskap in Ruimsig Gemeente nie. Daar is veel meer wat in ag geneem behoort te word.

Die teks wat Ruimsig Gemeente gebruik as sy algemene raamwerk vir geestelike leierskap is 1 Timoteus 3:1-7:

*“Dit is ’n waar woord: as iemand graag ouderling (geestelike leier) wil wees, begeer hy ’n voortreflike werk. ’n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of ’n rusiemaker wees nie, maar inskiklik vredeliewend en nie geldgierig nie. Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen. Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem? Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland. Ook by die mense buite die gemeente moet hy as ’n goeie man bekend staan sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in die strik van die duiwel val nie.”*

### **Kriteria wat die Ouderlinge en Direksie dus, binne-in die raamwerk van bogenoemde teks, wel in ag sal neem is dinge soos:**

- Algemene geestelike volwassenheid van die persoon.
- Indien die persoon alreeds aan die gemeente bekend is, sal in ag geneem word in hoe ’n mate die gemeente sy/haar geestelike gesag reeds aanvaar het.
- Die passie en gawes van die persoon in die lig van die leierskapposisie wat hy/sy gaan beklee.
- Indien so ’n persoon geen amptelike teologiese opleiding het nie moet hy/sy die “commitment” openbaar tot verdere studie, skoling en opleiding. Hierdie opleiding kan informeel wees en/of die loop van ’n kursus by ’n formele instansie insluit.
- Die 4 C’s sal laastens in ag geneem word:
  - “Character” - Het hy/sy die geestelike karaktereenskappe wat ’n geestelike leier behoort te hê?;
  - “Competence” - Het hy/sy die vermoëns wat van hom/haar verwag word om die verlangde werk te kan doen?;
  - “Chemistry” - Sal sy/haar agtergrond en persoonlikheid inpas by die reeds bestaande span?; en
  - “Calling” - Beleef hy/sy ’n “Sense of calling,” om die spesifieke werk te doen?